

Gendetransformasie in die weermag is 'n onvoltooide werk

Lindy Heinecken*

Ondanks aktiewe pogings om vroue te werf en te bevorder, is hulle regoor die wêreld steeds in die minderheid in gevegsones en in senior poste en in die weermag in die geheel. Minder as 11 persent van die vroue in NATO-lidlande se gewapende magte is byvoorbeeld by aktiewe diens betrokke. Min lande het al die kritiese massa van 15% bereik wat nodig is om verby die tokenuitwerking te beweeg. Suid-Afrika is 'n merkbare uitsondering, met 25% van vroue wat aktief diens doen en sowat 15% wat aan vredesmagoperasies in Afrika deelgeneem het.

Maar ondanks hierdie numeriese toename, was hulle nog nie in staat om gendernorme te verskuif of die weermag se genderbalans te verander nie. Die weermag bly 'n organisasie wat deur gender oorheers word ten opsigte van geleenthede en beroepstruktuur. Op Internasionale Vrouedag (8 Maart) moet ons onself afvra: Hoekom is dit so?

Daar is verskeie fisieke, sosiale en institusionele hindernisse wat vroue se insluiting in die weermag beïnvloed. Weerstand teen vrouesoldate oor die algemeen en gevegsrolle is al baie lank 'n wêreldwye verskynsel – selfs in weermagte wat vroue toelaat om in hierdie rolle diens te doen. Die weerstand is gegrond op verskeie uiteenlopende argumente, waarvan die algemeenste een is dat vroue nie aan die fisieke vereistes van militêre diens voldoen nie. Sommige beweer vroue is inherent meer vreedsaam as mans en dus nie geskik om in die weermag te dien nie. Ander wys op die uitwerking wat vrouesoldate op manlike gebondenheid en kohesie het en die uitwerking op militêre doeltreffendheid.

Die afgelope paar jaar het argumente ten gunste van vroue se deelname aan die weermag op die voorgrond getree. Daar word daarop gewys dat hulle insluiting nie net nodig is nie, maar ook noodsaaklik. Vandaar die behoefte om genderhervorming in die veiligheidsektor op die voorgrond te plaas. Wat hiermee gepaard gaan, is die aandrang daarop dat meer vroue aan vredesmagoperasies moet deelneem, veral dié wat betrokke is by die beskerming van burgerlikes wat in gewapende konflik vasgevang is.

Daar is tans twee verskillende redenasies wat steeds die debat oor vroue se rol en hulle integrasie in die weermag beïnvloed. Die een beklemtoon genderneutraliteit en vroueregte, waar vroue se gelykheid en hulle reg tot gelyke geleenthede benadruk. Die ander een fokus op genderverskille, waar daar geredeneer word dat vroue 'n unieke bydrae tot die weermag kan lewer weens hulle geslag en daardeur dus die weermag meer divers en operasioneel doeltreffender kan maak. Hoewel albei redenasies 'n indrukwekkende hoeveelheid literatuur en debatte uitgelok het, beweer kritici dat nie een van die twee strategieë die weermag se manlike kultuur kan verander nie, wat weer tot vroue se voortgesette ondergeskiktheid in die weermag bydra.

Ten slotte ...

Die probleem is dat vroue se integrasie in die meeste weermagte op verwagtinge rus dat hulle die hegemones manlike militêre beeld sal aanneem. Daarom is min vroue in die weermag bereid om hulle stem te laat opklink en 'n radikale standpunt in te neem om alternatiewe waardes te laat deurdring. Dit is baie makliker om te konformeer en by die bestaande status quo te bly om die uitwerking van sosiale isolasie en die moontlike impak op hulle militêre loopbaan teen te werk.

Al sien 'n mens 'n besliste verskuiwing van 'n 'gepeuter' na gelyke behandeling van vroue, en die aanpassing na positiewe gedrag vir hulle insluiting op grond van gelykheid ten einde die

‘transformasie’ van bestaande stelsels en strukture te weeg te bring, is die werk nog steeds onvoltooid. Maar met gender wat nou ingebed is in die Sekerheidsektor-hervormingsraamwerke van internasionale en streeksorganisasies, is daar nietemin bewyse dat vroue se stemme in die weermag nie langer geïgnoreer kan word nie – wat beteken dat gender nou stewiger as ooit tevore op die agenda geplaas is.

***Prof Lindy Heinecken is Visedekaan: Navorsing in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch. Hierdie artikel is gedeeltelik gegrond op haar hoofstuk, “Women and military service”, in die *Handbook on Gender and Public Administration* (Edward Elgar Publishing, 2022).**